KLK Landbou Beperk
Reg nr. 1997/015589/06

Winsaankondiging vir die Jaar Geëindig 28 Februarie 2011

Die **verdienste** van R14.4 miljoen verteenwoordig 'n 19.0% styging in vergelyke met die vorige jaar. Dit het aanleiding gegee dat die verdienste per aandeel met 10,6 sent per aandeel tot 66,8 sent per aandeel verhoog het.

Die bevredigende resultate word hoofsaaklik toegeskryf aan laer finansieringskoste, die goeie winsbydrae van die Motor- en Brandstofafdelings asook *Build it* wat aansienlik beter presteer het as die vorige jaar.

Die Lewendehawe- en Vleisafdeling het weereens nie bevredigende resultate gelewer nie, alhoewel lamvleispryse (17.4%) asook vellepryse (43,9%) skerp gestyg het, is die resultate nadelig beïnvloed deur die impak van Slenkdalkoors wat aanleiding gegee het tot laer slag- en veilingsgetalle.

Die Handelsafdeling se bruto winsmarge was dieselfde as die vorige jaar terwyl die winsbydrae nadelig geraak is deur die groter afskrywings en voorsiening van slegte skulde gedurende die laaste ses maande van die finansiële jaar.

SA Dorper (velle verwerking) se resultate was in lyn met die vorige jaar terwyl die impak van die rand/dollar wisselkoers, laer volumes en rou-materiaal kwaliteitsprobleme, vir die tweede agtereenvolgende jaar 'n dempende effek gehad het op die potensiaal en geleenthede wat 'n sterk internasionale markvraag na verwerkte velle tans bied.

Finansiële Hooftrekke		2011	2010	%	
Omset	(R'm)	*1193.9*	1109.2	**7.6**	↑
Wins voor belasting	(R'm)	*16.4*	15.0	**9.3**	↑
Bedryfswinsmarge	(%)	*1.5*	1.6	**6.2**	↓
Verdienste	(R'm)	*14.4m*	12.1m	**19.0**	↑
Basiese verdienste per aandeel	(sente)	*66.8*	56.2	**19.0**	↑
Kapitaalspandering	(R'm)	*6.8*	6.6	**3.0**	↑
Opbrengs op aandeelhouersbelang	(%)	*12.2*	11.5	**6.1**	↑
Netto kontant deur bedrywighede voortgebring	(R'm)	*10.7*	24.5	**56.3**	↓
Netto toename/(afname) in bank en kontant	(R'm)	*(4.6)*	7.9	**158.2**	↓
Dividend per aandeel	(sente)	*13*	11	**18.2**	↑
Effektiewe belastingkoers	(%)	*26.7*	30.0	**11.0**	↓

Die **Groepsomset** het met 7.6% toegeneem tot R1193.9 miljoen. Die styging in gemiddelde brandstofpryse (petrol en diesel) van 11.7% vir kleinhandel en 11.1% vir groothandel, tesame met 'n 1.0% groei in volumes, het hoofsaaklik hiertoe bygedra.

Die Motorafdeling se omset het met 19.0% toegeneem tot R86.2 miljoen en weerspieël die stewige toename (20.9%) in die verkope van nuwe eenhede.

Lewendehawe veilings, voerkraal en karkasverkope se omset het met 2,1% tot R278 miljoen gedaal. Laer getalle van veilings en verslagtings, met onderskeidelik 13.5% en 13.1% in vergelyke met die vorige jaar, het hoofsaaklik hiertoe bygedra. Die styging in veilingspryse vir bees (11.0%) en skaap (19.1%) en 'n styging in karkaspryse van 17.4% per kilogram asook velpryse (43.9%), kon nie die impak van die daling in volume teenwerk nie.

Die Handelsafdeling se omset was 8.0% hoër as die vorige jaar en kan toegeskryf word aan die styging van kleinhandelbrandstofpryse en die *Build it - takke* wat uitstekende groei getoon het.

Die **kapitaal- en balansstaatverhoudings** het verder verbeter. Die netto bedryfskapitaal het met R8.7 miljoen toegeneem hoofsaaklik as gevolg van die R14.4 miljoen styging in die voorraadvlakke van Handelstakke (R5.6 miljoen), Brandstofafdeling (R6.6 miljoen) en Motors (R1.9 miljoen) en krediteure wat met R4 miljoen toegeneem het terwyl debiteure met R1.6 miljoen gedaal het, teenoor die vorige jaar.

Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite van R6.0 miljoen is aangewend om beleggingsaktiwiteite van R5.5 miljoen (vaste bates aangekoop) te finansier, terwyl R5.1 miljoen aangewend is om langtermynlenings terug te betaal. Die netto effek is 'n afname van R4.6 miljoen in Bank en kontant op hande.

Die Direksie het besluit om 'n verdere bedrag van R900 000 van aandeelhouerslenings gedurende die komende jaar terug te betaal.

Die Direksie verwag dat die landbou- en handelstoestande gedurende die tweede helfte van 2011 verder kan verbeter, nieteenstaande die opwaartse druk op inflasie as gevolg van stygende energiekoste en die verwagte styging in rentekoerse. Uitstekende kostebestuur met gepaardgaande krediet- en risikobestuur sal dus noodsaaklik wees vir KLK se sukses in die volgende jaar en veral met die oog op verdere verbetering in die onderpresterende afdelings van KLK.

Die Direksie beveel aan dat 'n dividend van 13 sent (2010: 11 sent) per gewone aandeel betaal word aan aandeelhouers geregistreer in die boeke van die maatskappy op 29 Julie 2011 en betaalbaar op 2 September 2011.

'n Opsomming van die geouditeerde finansiële resultate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2011 is op KLK se webtuiste beskikbaar.

Die finansiële state sal gedurende die Algemene Jaarvergadering van aandeelhouers wat gehou sal word by KLK se Hoofkantoor op Dinsdag, 19 Julie 2011, vir goedkeuring voorgelê word.

Die volgende direkteure se ampstermyn verstryk ingevolge die Statute met die Algemene Jaarvergadering op 19 Julie 2011:

JM Bredenkamp
WSB du Toit
JJA Smith

Mnre. JM Bredenkamp, WSB du Toit en JJA Smith het hulself weer verkiesbaar gestel.

Die volgende vier nominasies vir verkiesing as direkteure gedurende die komende Algemene Jaarvergadering, is ontvang:

WSB du Toit
JM Bredenkamp
JJA Smith
BJ Snyders

Gedurende die komende Algemene Jaarvergadering van aandeelhouers, sal drie van bogenoemde vier genomineerdes tot die Raad van Direkteure verkies word.

DIREKTEURE: JS Marais (Voorsitter), JPN Stander (Vise-Voorsitter), JM Bredenkamp, WSB du Toit, W Edmayr, A Human (Finansiële Direkteur), JJA Smith, FJ van der Merwe, SD van Huyssteen (Besturende Direkteur), JA van Zyl

Maatskappy Sekretaris: G Marquard

GEREGISTREERDE KANTOOR:
Karakoelstraat 14, Upington, 8801
Posadres: Posbus 86, Upington, 8800. Telefoon: 054 – 337 6200
Webwerf: www.klk.co.za

Datum: 31 Mei 2011

KLK LANDBOU BEPERK
REG. NR. 1997/015589/06
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIëLE POSISIE

	2011 R'm	2010 R'm
BATES		
Nie-bedryfsbates	66.2	62.5
Eiendom, aanleg en toerusting	52.9	50.3
Ontasbare bates	2.5	2.6
Belegging in geassosieerde	10.5	9.4
Beleggings gehou vir verkoop	0.3	0.3
Bedryfsbates	150.0	137.5
Voorraad	82.7	68.3
Handelsdebiteure	63.2	64.0
Kontant en kontantekwivalente	4.1	5.2
Totale bates	216.2	200.0
EKWITEIT EN LASTE		
Totale ekwiteit	117.3	105.3
Uitgereikte kapitaal	21.5	21.5
Aandele premie	9.0	9.0
Behoue verdienste	86.8	74.8
Buiteaandeelhouersbelang	1.7	1.9
Totale laste	97.2	92.8
Nie-bedryfslaste	6.3	9.5
Aandeelhouerslenings	3.3	4.0
Langtermynlenings	4.9	9.4
Uitgestelde belasting	(2.0)	(3.8)
Bedryfslaste	90.9	83.2
Handels- en ander krediteure	75.4	71.3
Oortrokke bank	15.5	11.9
Totale ekwiteit en laste	216.2	200.0

KLK LANDBOU BEPERK
REG. NR. 1997/015589/06
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

	Aandele-kapitaal R'm	Aandele-premie R'm	Behoue verdienste R'm	Totaal R'm
Saldo op 1 Maart 2009	21.5	9.0	64.9	95.4
Netto wins vir die jaar	-	-	12.1	12.1
Dividende	-	-	(2.1)	(2.1)
Saldo op 1 Maart 2010	21.5	9.0	74.8	105.3
Netto wins vir die jaar	-	-	14.4	14.4
Dividende	-	-	(2.4)	(2.4)
Saldo op 28 Februarie 2011	21.5	9.0	86.8	117.3

KLK LANDBOU BEPERK
REG. NR. 1997/015589/06
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	2011 R'm	2010 R'm
Omset	1,194.0	1,109.3
Handel	1,186.8	1,102.2
Lewende hawe	7.2	7.1
Voortgaande bedrywighede		
Verkope	1,194.0	1,109.3
Koste van verkope	(1,081.6)	(1,006.8)
Bruto wins	112.4	102.5
Ander inkomste	11.7	13.3
Bedryfsuitgawes	(105.8)	(97.5)
Wins uit gewone bedrywighede	18.4	18.3
Finansieringskoste	(2.0)	(3.3)
Wins voor belasting	16.4	15.0
Belasting	(4.4)	(4.5)
Wins na belasting	12.0	10.5
Ekwiteits wins/(verlies) van geassosieërde	2.1	1.8
Buiteaandeelhouersbelang	0.2	(0.2)
Netto wins vir die jaar	14.4	12.1

KLK LANDBOU BEPERK
REG. NR. 1997/015589/06
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEIE

	2011 R'm	2010 R'm
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	6.0	17.9
Kontantontvangste van kliënte	1,204.4	1,115.7
Kontant betaal aan verskaffers en werknemers	1,193.7	1,091.1
Kontant uit/(gebruik in) bedryfsaktiwiteite	10.7	24.5
Rente ontvang	2.9	3.0
Dividende ontvang	0.0	0.0
Rente betaal	(2.0)	(3.3)
Dividende betaal	(2.4)	(2.1)
Belasting betaal	(3.2)	(4.2)
Kontantvloei gebruik in beleggingsaktiwiteite	(5.5)	(5.1)
Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting	(6.8)	(6.6)
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	0.2	0.4
Verkoop/(Aankoop) van ander beleggings	1.0	1.0
Kontantvloei gebruik in finansieringsaktiwiteite		
Lenings terugbetaal	(5.1)	(4.9)
Toename in kontant en kontantekwivalente	(4.6)	7.8
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	(6.8)	(14.6)
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	(11.4)	(6.8)